GGSA Vaaldriehoektak
Nuus Varia
Augustus 2007

GSSA Vaal Triangle
News Varia
August 2007

Die Nasionale Uitvoerende Komitee (NUK) van GGSA se besoek aan die Vaaldriehoektak by die Vaaldriehoekkampus van die Noordwes Universiteit op 23 Junie 2007

President NUK Johann Janse van Rensburg en Sekretaresse NUK Elmien Wood
Foto: Fanie Blignaut

Oorsig van die NUK se vergadering

Verwelkoming:
Die Nasionale President verwelkom almal teenwoordig en bedank die Vaaldriehoektak vir die uitnodiging om hierdie maand hulle vergadering hier te hou.

Teenwoordig:
Johann Janse van Rensburg - President Nasionaal;
Isabel Groesbeek - Vise-President Nasionaal;
Elmien Wood - Sekretaresse Nasionaal;
André Heydenrych - Tesourier Nasionaal;
Dennis Pretorius - Addisionele Lid Nasionaal;
Richard Ford - Redakteur *Familia*;
Peter Moss - B/P Dokument Koördineerder;
Fanie Blignaut - Begraafplaas Koördineerder;
Lucas Rinken - Voorsitter Wes-Gauteng;
Simon du Plooy - Voorsitter Noordwestak;
Engela Spaleck - Voorsitter Vaaldriehoektak;
Derick Vorster - Vise-Voorsitter Vaaldriehoektak;
Celia Fourie - Sekretaresse Vaaldriehoektak;
John Stevens - Lid Wes-Gauteng;
Johan Swanevelder - Lid (?)

Besprekingspunte:

1. Aanbevelingsriglyne vir toekennings vir GGSA:
Genealoog van die Jaar:- Hierdie toekenning geskied vir 'n uitnemende genealogiese produk (publikasie, versameling, ens.) in 'n bepaalde jaar, wat beskikbaar is vir publieke gebruik. En kan alleen geskied met 'n twee-derde besluit van 'n komitee van deskundiges wat aangestel word deur die NUK vir 'n tydperk van drie jaar.

Toekenning vir Uitnemendheid:- Hierdie toekenning geskied vir 'n uitnemende genealogiese bydrae oor 'n aantal jare, en moet tot voordeel van die GGSA in die besonder en/of genealogie in die algemeen wees.

Meriete-Sertifikate:- Die bydrae aan die GGSA of aan genealogie moet besonder wees (outstanding) en nie gemeenplaas nie. Tegniese/wetenskaplike toekennings geskied deur die komitee en ander toekennings deur die bestuur, telkens met 'n twee-derde meerderheid.

2. Kontak met Minister Pallo Jordan:-
Simon du Plooy vertel van iemand wat woonagtig is in Pretoria en wie se seun in die parlement is as tydelike hoofsweep van die ANC. Nico Gey van Pittius het voorgestel dat daar kontak met die minister van Sport en Kultuur, dr Pallo Jordan, gemaak word deur Andries Nel en met 'n goed gemotiveerde saak na hulle toe moet gaan om genealogie 'n bietjie op te hef.

Hy het gesê ons is welkom dat ons skakelman eerstens met Andries Nel gesels en dan die afspraak met Minister Jordan maak. Dit sal goed wees dat wanneer hulle die afspraak kry om vooraf eers 'n agenda aan die minister te gee sodat hy bewus kan wees van die punte wat bespreek gaan word.

3. Lidmaatskap:-
André Heydenrych sê dat as 'n persoon aansluit by GGSA en sy lidmaatskapfooie betaal is, is hy 'n lid van die Genootskap en die persoon kies dan om hoofsaaklik by die aktiwiteite van 'n spesifieke tak in te skakel of betrokke te wees, maar hy is geregtig om by enige ander tak 'n draai te maak en as daardie tak dan enige ekstra fooie vra is dit die tak se saak.

4. Reklame vir GGSA:-
Johann Janse van Rensburg het die 30ste Junie vanaf 11h00 tot 13h00 'n praatjie by die museum by die Voortrekkermonument in Pretoria waar hy reklame vir die Genootskap gaan doen. Daar gaan ook mediadekking wees.

Hy wil graag die mense inlig oor wat hulle alles by GGSA kan kry as hulle aansluit en die produkte wat alles beskikbaar is. Johann wil spesifiek die mense van die Family History Society wys wat ons Genootskap alles vir hulle kan beteken.

5. Toekennings vir die komende jaar:-
Takke moet bewus gemaak word daarvan dat hulle solank nominasies kan instuur vir volgende jaar.

6. Takadministrasie:-
André Heydenrych voel dat dit die eerste jaar is vandat hy tesourier vir Nasionaal is dat al die takke honderd persent in beheer is van wie hulle lede is en wie kry wat en navrae amper uit hulle kop uit kan beantwoord. Wat takadministrasie betref is André baie tevrede. André wil dalk net die opmerking maak dat as iemand dink hy is te lank in die 'job' dan moet hulle praat, want dis nou maar 'net' sy vierde jaar wat hy tesourier vir Nasionaal is.

7. NUK AJV:
Die volgende Algemene Jaarvergadering van die Nasionale Uitvoerende Komitee word by die Noordwestak gehou in Potchefstroom. Dit sal vroeg in die jaar plaasvind op die 1ste Maart 2008. Elmarie Weyers wil vooraf 'n gesellige bymekaarkom reël by die Pretorius Museum.

8. Begraafplaasprojek:
Foute in die nuwe B/P CD is uitgewys en daar is besluit om die foutiewe CD sonder koste vir die koper te vervang. Die probleem het gekom met die omskakeling van GEDCOM na HTML. GGSA dra die koste vir die vervanging van die CD en nie die individuele lede nie.

Daar is goeie kommunikasie tussen Peter Moss en Fanie Blignaut sodat daar nie duplisering plaasvind met die dokumentering van begraafplase nie. Peter Moss is die dokument koördineerder en Fanie Blignaut die begraafplaas koördineerder. Peter Moss het ook vir John Swarts by die projek betrokke gekry en hy wil probeer dat die B/P Nuusbrief vanaf Julie weer beskikbaar is.

9. Produkte:
Die Oorlogsmuseum in Bloemfontein het 'n waardevolle dokument saamgestel van plaaseienaars in die verskillende distrikte in die Vrystaat en met die mense wat opgeroep is rondom 1900. Hulle kan/mag dit nie verkoop nie. Kan GGSA dit nie dalk bemark en dan van die opbrengs 'n donasie aan die Oorlogsmuseum skenk nie.

10. Skakeling:
Isabel Groesbeek het 'n voorlegging gedoen oor GGSA vir *Kakkerlak* wat in September, Erfenismaand, se uitgawe gaan verskyn. Hierdie publikasie se doelwitte is om in die algemeen in te lig ten opsigte van taal- en die kunsgebeure. Die redaktrise is Chrisna van Rensburg en haar e-pos is: emas@mweb.co.za en die adres: *Kakkerlak,* Posbus 5033, Horison, 1730.

Isabel het ook opgetree by die Dames Dinamiek in Bloemfontein waar sy reklame vir die Genootskap gedoen het.

- - - - - - -

Die Algemene Byeenkoms
vd Vaaldriehoektak na die NUK vergadering

Hentie Liebenberg open byeenkoms met gebed.

Voorsitter Engela Spaleck verwelkom almal teenwoordig asook die NUK lede.

Baie geluk aan almal wat gedurende Julie verjaar: Leon Ferreira - 7de; Prof Johann Tempelhoff - 14de en Thinus Brümmer die 30ste.
Baie geluk ook aan die wat gedurende Aug. verjaar: Cathrien Botes - 13de en Renier Feldtmann - 18de.

Ons meegevoel aan dié wat geliefdes aan die dood afgegee het. Fanie Blignaut se tante is oorlede.

'n Staaltjie uit die ABO

soos vertel in 2004 deur

oom Antonie Michal Hefer (90jr)

(Hierdie foto was op sy begrafnisbrief)

**04.04.1914 †03.03.2005*

Blikkies Muller en 'n maat, Helgaard Muller (albei ± 17jaar oud) en Helgaard se oom, Jaap Muller, het gedurende die Anglo-Boereoorlog op 'n stadium op 'n eiland in die Vaalrivier naby Parys beland.

Hulle het êrens meel en olie gekry en was besig om vetkoeke te bak toe hulle agterkom dat daar ook Kakies op die eiland was.

Blikkies en Jaap het iewers op die eiland weggekruip en Helgaard het glo in 'n boom opgeklim en binne in 'n hamerkopnes weggekruip. Hy het die Engelse gesien en gehoor. Die Engelse het orals na hulle gesoek, maar nie gekry nie.

Nadat die Engelse weg is, het die drie weer bymekaar gekom. Jaap sê toe dat dit nou so jammer is dat hulle niks van die vetkoeke het om te eet nie. Helgaard sê dat hulle net so 'n oomblik moet wag en hy klim weer in die boom op. Hy bring toe 'n sak af en sê dat die vetkoeke nie verlore is nie. Hy het dit saam met hom bo in die voëlnes gehad! Die drie het daarna heerlik aan die lekker vetkoeke gesmul.

(Bogenoemde Blikkies Muller was Cornelius Johannes Muller *07.11.???? x 1935 met Hester Philippina Bouwer *07.11.1892. Hulle was voorgeslagte aan Hikkie Blignaut, Fanie se eggenote, se kant.)

Bydrae deur Fanie Blignaut

BRONVERWYSINGS & KOPIEREG

Gasspreker: Johann Janse van Rensburg

Johann wil graag hê dat dit wat hy vir ons wil vertel, eerder 'n inskerping as nuus moet wees. Die hele kwessie rondom kopiereg en eiendomsreg is 'n lekker rowwe ene. Hulle het van die NUK se kant af 'n paar goed wat hulle aandag verg wat juis hier rondom oor handel en hy dink tog dat dit die regte ding is om mense so nou en dan hieroor in te lig.

Op die Lede CD is daar 'n Beginnerskursus. Dit handel juis spesifiek daaroor hoe 'n mens genealogie moet bedryf. Ons is almal amateurs in hierdie ding met die uitsondering van 'n paar professionele mense. Nie almal van ons het tersiêre opleiding gehad in navorsingsmetodiek nie.

Dis een van die laaste dinge waaroor jy bekommerd is wanneer jy begin met jou genealogie. Dit begin normaalweg met jouself en dan wil jy verder weet wie jou voorouers en voorsate was, ens. Dis eintlik snaaks hoe vinnig 'n mens wegbeweeg van jou eie kennis af en jy beginne trap op kennis wat ander mense opgedoen het. Hoeveel kere het jy nodig gehad om verder te gaan as jou oupagrootjie en dan is jy op ander gebiede.

Maar nie net dit nie, as 'n ou met jou genealogie begin, en jy teken jou eie besonderhede aan, wat gebruik jy as 'n bron? Jou geboortesertifikaat en doopinskrywing. Mens begin baie kere by jouself en dan kom jy agter dat jy nie regtig weet hoe om na jouself te verwys nie. Bloot daaruit en ook uit die voorbeelde wat ons het om navorsing te doen.

Almal van ons het al die De Villiers/Pama in ons hande gehad en almal het al die SAG boeke bekyk en onder hande gehad en bestudeer en besonderhede daaruit afgeskryf en so aan en mens doen baie kere soos die voorbeelde wat aan jou voorgehou is. Hoewel dit baie duidelik in die beginnerskursus gestel word dat 'n mens altyd jou bronne moet lys en ook altyd die mense wat die navorsing gedoen het moet krediet gee. Maar die oomblik wat jy na meeste van jou bronne toe gaan dan sien jy dat die mense dit nie doen nie. De Villiers/Pama gee hulle bronne, maar die meeste van ons sien dit nie raak nie. In die SAG ook gee hulle die navorsers wie se werk hulle gebruik erkenning en baie min word die bronne genoem van waar die navorsers hulle inligting vandaan kry.

Die NUK bly herhaaldelike kere in praatjies en opleidingskursusse ens., om dit by die mense in te skerp dat hulle hulle bronne moet gee en hulle bronverwysings moet doen. Meeste van die genealogiese programme maak baie goed voorsiening daarvoor. Baie van ons is skuldig met ons beginnavorsing. Al wat die meeste navorsers wil hê, sonder om op hulle tone te trap, is om aan hulle die nodige erkenning te gee vir die stuk werk wat hulle gedoen het.

Dit maak dit ook makliker aan die ander kant, dat wanneer daar 'n groot vraagstuk oor daardie stuk werk is, om terug te gaan om in die eerste plek te sien waar het jy aan die inligting gekom. Is dit 'n betroubare bron al dan nie en hoe ver moet jy probeer sukkel en soek om weer by dieselfde inligting uit te kom. As daar bronverwysings by is, is dit uit die aard van die saak baie makliker om die probleem op te los.

As mens die riglyne in die beginnerskursus op die Lede CD volg, kan 'n mens nie eintlik verkeerd gaan nie. En 'n mens maak dit vir jouself baie makliker in die toekoms. Dan is dit nie nodig dat jy later met 'n rooi gesig hoef te staan as iemand vir jou begin vrae vra oor jou navorsing nie.

Ons almal leer maar soos ons vorder met ons genealogie. Party het 'n baie groot werk gedoen aan die begin en as jy dit verkeerd aangepak het, beteken dit dat jy wéér in groot stuk werk sal moet doen. En Johann is seker daarvan dat elkeen van ons het voorbeelde van waar ons 'n stuk inligting in die hande gekry het, dit dan in ons stambome ingesit het en dan op 'n stadium kom ons navorsing nie lekker ooreen nie en jy wil dit nou weer gaan navors en dan weet jy nie waar het jy dit in die eerste plek in die hande gekry nie.

Johann sê dat een van die groot pyne toe hulle begin het met die Genealogiese Kursus by ons Universiteit onder leiding van Prof Johann Tempelhoff en Martin Zöllner, was die feit dat niemand genealogie aanvaar het as 'n vak nie. Dat dit wetenskaplik beoefen kan word nie. Die NUK kan nou baie maklik agterkom hoekom hulle daardie persepsie gehad het. Ander mense het gedink dat die genealoë net 'n klomp ou mense is wat 'n klomp stories neerskryf.

Ons vakgebied is lankal al daar verby. Ons kan rêrig nou ál ons bronne noem en ons kan dit nou rêrig as 'n wetenskap beoefen!

- - - - - - -

Elmien Wood:

Johann het op 'n keer aan haar genoem dat sy weer 'n bietjie moet kyk na hierdie kopiereg. Sy het toe 'n gesprek op die SAGenealogie lys aan die gang gesit en daar kon sy onmiddellik al sien hoe belangrik hierdie saak vir die mense is. Hierdie saak raak ons almal.

Daar was in die verlede altyd twee groepe mense gewees, die een wat deel en die ander wat vashou. Mense moet besef daar sit mense in die buiteland wat bitter moeilik by 'n argief kan uitkom wat graag wil deel en hulle wil nie hê ons moet vashou aan ons goed nie. Maar as mens die saak mooi benader kan die twee groepe wel bymekaar uitkom.

Die voordeel is, dat jy erkenning gee aan ander mense se werk en dit gee waardevermeerdering aan jou produk. Die inligting wat jy daar neergeskryf het, het jy nie uit jou duim gesuig nie. Dis een ding wat baie goed is om altyd erkenning aan jou bronne te gee. Dis ook baie lekker as jy van die begin af jou bronne noukeurig en volledig afgeskryf het. Jy spaar ook op die ou end vir jouself 'n klomp werk wanneer jy dit doen.

Die nadeel, hoekom mens nie jou bronne neerskryf nie, weet sy nie. Nog 'n ding, sy weet nie hoekom ons dit nie doen nie, want sy kan nie glo dat ons genealoë by ander mense sal steel nie. Dit kom kort-kort in die koerant dat iemand voel daar is op sy tone getrap. Jy gebruik iemand anders se werk en baie keer gaan dit verby, maar die oomblik dat die mense na jou toe terugkom is daar groot moeilikheid.

Om jouself te beskerm moet jy kan bewys dat jou werk oorspronklik is. Dit is 'n bietjie moeilik in genealogie, maar Elmien dink dat ons 'n goeie saak daaruit kan maak. Ons as lede van die genootskap behoort dit te doen. Navorsers wil graag daardie beskerming hê dat ons werk oorspronklik is en dat dit onderhewig is aan kopiereg.

Twee laaste punte wat genealogie so 'n bietjie anders maak as ander vakwetenskappe. Wanneer 'n mens navorsing doen, kan jy eers nadat jy 'n klomp werk gedoen het, uiteindelik op bv. bladsy drie 'n verwysing na iemand gee, vanwaar jy die naam, geboortedatum, die doop en die huwelik gekry het. Dit is wat genealogie baie moeilik maak. Die ander ding wat ook moeilik is, is dat so baie van ons raakvlakke het. Jy doen bv. Van Rensburg en ek ook en ons ruil inligting uit. So, ons deel baie en daarom moet ons ook baie verwys.

Moenie dink dat as jy slegs 'n brokkie inligting het dat jy nie na jou bron hoef te verwys nie. Verkeerd. Elke brokkie het 'n bronverwysing nodig. Mens moet altyd in gedagte hou dat jy gedagvaar kan word as jy ander mense se kopiereg skend. Dis nie die moeite werd om daardie kans te waag dat jy nie gedagvaar sal word nie.

- - - - - - -

Isabel Groesbeek:

Bly eenvormig in jou bronverwysings. Gee by elke feit 'n bron. Gee volledige bronne. Primêre bronne, sekondêre bronne. Gee in jou bibliografie 'n volledige uiteensetting van jou bronne. Nie nodig by elke inskrywing nie, gee slegs 'n nommertjie.

Onderverdeel weer jou bibliografie in afdelings, bv. argivale bronne, persoonlike mededelings, boeke, tydskrifte, koerante, ens. Skryf net in jou inleiding van hoe jy na jou bronne gaan verwys en bly eenvormig.

- - - - - - -

Die GGSA wat nader beweeg aan GISA en die GSU (Genealogical Society of Utah)

Gasspreker: Johann Janse van Rensburg

'n Ander onderwerp wat nou hierby saamval is ons samewerking met die GSU. GGSA het 'n baie goeie verhouding met die GSU of die Mormoonse Kerk (LDS).

Maar tot onlangs toe het Johann nie rerig geweet wat die beleidsriglyne is rondom die GSU wanneer hulle die kerke se data gaan verfilm nie. In kort kan 'n mens dit so opsom:

Hulle wil baie graag die toestemming van die kerke hê om hulle verfilming te doen. En hulle maak dit vreeslik moeilik vir die kerk om nee te sê. Daar is net een manier hoe hulle dit regkry, hulle gaan na die kerk toe en sê aan hulle ons wil julle data verfilm, julle bly die eienaars van daardie data, GSU word nooit die eienaar daarvan nie, ons sal vir julle 'n kopie gee van die verfilmde data, maar die GSU hou die kopiereg van daardie film. So, alhoewel die kerk 'n kopie kry van daardie film het hulle nie kopiereg op daardie film nie, die LDS hou dit.

Wat hulle ook in hulle kontrak spesifiseer is dat hulle die inligting sal beskikbaar stel vir enige navorser wat persoonlike navorsing wil doen. Dan het hulle 'n verduideliking gegee wat persoonlike navorsing is. Persoonlike navorsing sluit nie samestellings in nie.

'n Lid van die genootskap was so 'n rukkie terug baie ywerig gewees om al die Vrystaatse Huwelike vir die GGSA te gaan opteken. Maar op 'n stadium het hy op die NG Kerk se tone getrap en hulle het vir hom gesê dat hy nie meer verder aan hulle boeke mag werk nie. Hy is toe later na die LDS se flims toe en het daar 'n klomp lyste bymekaar gekry en 'n ding daar opgestel en toe mag ons dit nie meer doen nie. Om die GGSA terug te kry het hy die lyste toe gaan verkoop en die genootskap het ook 'n kopie gekoop. Die reëling tussen die genootskap en hom was dat hy darem 'n geleentheid gegun sal word om sy kostes te verhaal. Die genootskap sou hom 'n rukkie tyd gee om die inligting te verkoop en dan sal die genootskap die beheer oor die data oorgeneem het en die genootskap sou dan daarmee kon doen wat hulle wou.

Op 'n stadium het die genootskap daaraan gedink om dit gratis aan almal beskikbaar te stel, maar dit kom toe onder die GSU se aandag. Iemand wat 'n kopie van die lys gekoop het, was in die Metodiste Kerk en hulle het toe die GSU gedagvaar vir 'n groot klomp geld. Rerig vir 'n groot klomp geld. Hulle het toe gesê maar julle is besig met kontrakbreuk. Julle het gesê julle sal hierdie data beskikbaar stel of verfilm en vir ons 'n kopie gee, julle sal die kopiereg hou en nou is daar ewe skielik kopiereg gebreek.

Want iemand anders het nou hierdie data en die kerk het nie toestemming gegee dat hierdie data vrygestel en verkoop mag word nie.

Dit bring Johann by twee punte: Jy kan te eniger tyd vir Leon Endemann vra onder watter voorwaardes mag jy by GISA navorsing doen. As jy soontoe gaan is daar so 'n vormpie wat jy moet teken onder watter voorwaardes mag jy daar persoonlike navorsing doen. Die oomblik as jy wil begin lyste opstel daar, gaan hulle vir jou sê stop. Want dis presies dieselfde. Hulle het die rolle films van die GSU af gekry. En dat hulle by al die kerke waar hulle die rolle films voor gegee is, het hulle presies dieselfde ding in plek. Hulle kan dit gebruik maar jy moet die kerk se toestemming kry as jy daardie inligting vir herverkoop wil beskikbaar stel as dit lyste is buiten jou eie navorsing. Met ander woorde, as jy nou bv. al die NG Kerk se registers wil gaan doen, sal die GGSA jou liewerste aanraai om na die NG Kerk toe te gaan en vir hulle te sê, dit is wat jy beoog om te doen, om 'n register op te stel van hierdie data en dat jy beplan om verskriklik ryk (?) te word hieruit.

Wat mense nie weet nie, is dat daar vreeslik baie geld te maak is uit genealogie ;-) Verskriklik baie geld word wel uitgegee op genealogie en nie andersom nie. Maar mens kry nog so nou en dan iemand wat dink dat hy skatryk gaan word uit genealogie. Wat dink daar is soveel mense wat genealogie doen en soveel en soveel sal betaal vir inligting. Maar na 'n rukkie kom hy agter dat dit nie die geval is nie, hulle wil dit verniet hê.

Mens moet altyd hierdie twee punte in gedagte hou: Dat as jy op 'n mikrofilmrol by die LDS wil werk, is daar geen probleem nie, maar moenie daar sit en begin lyste opstel sonder hulle toestemming nie en dan daardie rol gebruik vir 'n ander doel as persoonlike navorsing nie. Want jy vertroebel die verhouding tussen hulle en die instansie waar hulle die inligting gekry het.

Kyk, hulle gaan nie 'n saak teen jou maak nie, maar die enigste verweer wat hulle het is om te sê, maar nou onttrek ek my data van die gewone navorser af. Die NUK en Isabel Krauss is klaar besig om te gesels oor hoe kan hulle verseker dat die GGSA lede altyd toegang sal hê tot daardie bronne toe. Maar dan sal ons hulle reëls moet respekteer as ons graag wil aanhou om nog by die LDS navorsing te doen. Hulle is gemaklik daarmee dat jy daardie inligting wat jy van hulle gebruik in jou boek opneem en dan jou boek verkoop. Hulle is selfs gemaklik daarmee dat jy 'n lys opstel, maar jy moet net eers toestemming by hulle kry, hulle wil daarvan weet. Want die kerke het weer 'n houvas op hulle en as die kerke nie toestemming gegee het nie, is daar groot probleme.

NUK GGSA is op die oomblik besig om te kyk of hulle so 'n drieparty ooreenkoms kan opstel tussen GGSA, GSU en die verskillende afsonderlike kerke, om seker te maak dat ons lede die data op die regte voorwaardes kan gebruik.

Dis in kort wat Johann eintlik wou gesê het, hoe die twee goed bymekaar uitgekom het. Rondom die gebruik daarvan en waar kopiereg lê en waar eienaarskap lê en hoe dit ons nou al direk geraak het in die Genootskap in, alhoewel ons gewone lede dit nie so erg voel nie. Dit is baie handig en baie lekker om by die LDS te kan gaan werk. GGSA NUK sal alles gee om te baklei om daardie verhouding tussen die GGSA en die LDS gesond te hou. Daar is spesifiek lede wat by die GGSA aansluit om by al hierdie inligting uit te kan kom. Daar gaan dalk 'n stadium kom wat die Genootskapslede toegelaat gaan word om by die LDS navorsing te doen, maar vir die gewone publiek sal dit geslote wees. Hulle sal nie toegelaat word om dit te doen nie.

Genealogie bly maar 'n klomp werk, maar dit bly maar lekker as jy lank op soek was na iets en jy kom onverwags op dit af. Dan het jy padkos sommer vir 'n lang rukkie.

- - - - - - -

Iemand het aan Johann 'n goeie verduideliking gegee van 'n genealoog. Die persoon het altyd begin deur te sê: "Julle genealoë is soos 'n klomp seëlversamelaars. Dit wat jy het hou jy en dit wat jy het beskerm jy en as jy 'n duplikaat het sal jy hom ruil, maar jy sal nie die oorspronklike een ruil nie" en Johann moet met hom saamstem dat ons rêrig so is, met die uitsondering van enkeles.

As jy nou van daardie uitsonderings is, kan jy altyd jou navorsing aan GISA skenk wat dit met 'n ope hand sal ontvang, want hulle het 'n groot databasis aan die gang by hulle. Hulle ontvang gereeld data van mense wat hulle navorsing stuur. In die genootskap self kan ons 'n enorme databasis opbou, maar ons gaan in dieselfde slaggate trap, van wie is die bronne, hoe betroubaar is die data. Dis presies dieselfde probleem wat GISA het. Hulle kry 'n klomp data in en voordat hulle dit in die SAG's kan inwerk, sit hulle 'n klomp tyd daarin om seker te maak dat daardie inligting 100% korrek is. Maar daar is kere wat hulle wel die duimsuig van sekere mense gebruik wat dit vir hulle reg lyk en dit lyk of dit van die regte mense af kom en dan word dit opgeneem in die SAG. Maar sodra die genealoë wat daardie inligting nodig het dit begin gebruik kom hulle agter dat dit toe nou nie so korrek is nie.

- - - - - - -

Die oomblik wanneer iemand vir jou navorsing aanbied wat hy opgelos het, het jy nie meer 'n stokperdjie nie. Alhoewel ons 'n Genealogiese Genootskap is, wil hulle hê dat die dag as jy jou boek uitbring dat dit nie net 'n lys name moet wees nie. Genealogie is die ruggraat van jou navorsing maar dit behoort nie ál jou navorsing te wees nie. Daar móét vleis aan wees. Genealoë kan nie net van bene alleen lewe nie.

- - - - - - -

KULTUURDAG OP HEILBRON - 16 JUNIE 2007

Quarta Pretorius en Piet Lombard van Heilbron het ons tak, die vakansiedag, Jeugdag, uitgenooi om 'n Kultuurfeesdag saam met hulle te kom deurbring. Dit het plaasgevind by die Riemlandmuseum.

Ons het besluit om dit by te woon en die volgende foto's deur my geneem, getuig dat dit 'n baie aangename dag was wat hulle gereël het. Behalwe dat daar nie 'n koffietjie was om die koue oggend 'n bietjie op te warm nie (seker maar misgekyk), was daar baie ander lekker eetgoedjies te koop aangebied by die verskillende stalletjies asook baie demonstrasies van hoe ou goete gewerk en gelyk het. Piet het vir die heerlike braaivleis gesorg, terwyl Quarta gesorg het dat alles op die dag vlot verloop het, en Sampie, jy kan maar gerus spog met jou veteraanmotors.

Baie dankie aan julle almal wat hard gewerk het om van die dag 'n sukses te maak!

- - - - - - -

Heilbron se wapen

Die stewige greep van 'n hand om die gebreekte assegaai, wys heen na Vegkop. Dáár het die beskawing (gebalde vuis) oor die barbarisme (die assegaai) geseëvier!

Die drie swart kanonkoeëls versinnebeeld drie bewoë tydperke in die geskiedenis van die dorp: die Anglo-Boereoorlog, die Rebellie en die Griep.

Daar onder volg 'n blou "kartelende" stroom wat die waterrykheid, vanwaar die naam "Heilbron" ontleen is, aandui.

Oor die onderste gedeelte van die goue skild, draf daar 'n springbok. Dit stel ons rykdom aan goue graanvelde en volop diere voor, m.a.w. 'n distrik waar graan - sowel as veeboerdery belangrik is. Die springbok herinner aan die verlede, toe duisende stuks wild in die Riemland en in die omgewing van die fontein gevind is.

En die wapenspreuk: *Met Moed En Vertroue*

- - - - - - -

Riemland Museum

'n Toer deur die museum neem jou op 'n reis deur Heilbron se geskiedenis.

Sampie Orton in een van sy baie veteraanmotors.

Jammer ek het nie gevra watse motors is dit nie, maar ek weet darem dit was seker harde werk om hulle in so 'n goeie toestand te gekry het. Dankie vir die 'pose'.

Stefan Jansen van Vuuren (in die rooi onderbaadjie) en sy dogter, Wilmie, regs in die pienk rok. Wilma vertel my dat sy en Stefan mekaar by 'n Volkspele byeenkoms ontmoet het en dat hulle hele huisgesin ywerige volkspelers is. Tot Stefanie, die jongste, sorg dat alles met 'n videokamera opgeneem word.

Die lied, De la Rey, deur Bok van Blerk, was deur hierdie groepie kinders voorgedra.

Daar was 'n doodse stilte toe almal na hulle gekyk en geluister het. Soveel erns op sulke klein gesiggies.

Die Voorlaaier Sanna, word hier gedemonstreer. Hy wys hoeveel kruit en was moet ingegooi word om dit af te seël, waarna die ronde koeël dan ingesit word. Die Voortrekkers het hulle eie haelgeweer-patrone gemaak deur die loodballetjie (die koeël) te vervang met 'n sakkie vol klein loodballetjies om meer akkurater te skiet.

n Demonstrasie van hoe die Voortrekkers koffiebone gebrand het.

Die rou bone het so 'n snaakse reuk, maar die klaar gebrande bone het darem maar vir jou heerlik geruik!

Johnny (?) het vir ons gewys dat hierdie ou grammafoon met sy silinderplate nog baie mooi musiek kan speel.

Hier word gedemonstreer hoe word 'n lekker dik tou gemaak.

Dun toutjies word verskeie kere tussen twee anker-punte gespan na gelang van die dikte van die tou wat verlang word. Dan word die een punt kloks-gewys gedraai en die ander punt anti-kloksgewys gedraai om 'n tou te vorm. En hy sal nie 'rewind' nie, jy kan maar probeer.

Hier is 'n voorbeeld van 'n handmodel mieliepitstroper.

Die heel mielies word met stronk en pit hierin gedruk waarna die stronk een kant uitkom en die pitte onder uitval. Dit word dan in 'n sak opgevang. Die stronke word gebruik om vuur mee te maak.

'n Sweepklap demonstrasie.

Dit is 'n kuns op sy eie, maar hierdie man het dit reggekry om in elke hand 'n sweep te laat klap op die maat van Volkspele-musiek.

Boerseepkook. Hier word varkvet en beesvet gebruik saam met seep-soda en wassoda gemeng om seep te kook. Dit moet gedurig geroer word tot op die regte stadium waar dit van die vuur afgehaal word en in gietblokke gegooi word om heeltemal af te koel tot hard.

Baie dankie aan hierdie vriendelike tannie wat dit so mooi vir my gedemonstreer het.

Nico & Naomi Moolman was ook daar. Nico om sy boeke, Die Plaaskombuis en Die pienk Traaisiekel, *te verkoop en Naomi om haar pragtige* Scrapbooking *op Lap te wys.*